Saam bou ons ’n nalatenskap ~ vandag!
Building a legacy together ~ today!

Riebie Klanke

Jaargang 25 |KORONA-WEERGAWE | 8 APRIL 2021 |d6 Communicator www.riebie.co.za

Hooftrekke

Life is like a roller coaster. It has its ups and downs. But it’s your choice to scream or enjoy the ride.

WELKOM TERUG

Na ‘n welverdiende langnaweek wil ons almal weer terug verwelkom by die skool. Ons is trots om te kan sê dat ons leerders fluks vorder om die akademiese uitdagings goed onder die knie te kry.

Onthou: Akademiese vordering en getroue skoolbywoning gaan hand-aan-hand. Baie dankie aan al die Riebie-ouers wat ons kinders so mooi ondersteun.

“Daar is geen geheim vir sukses nie. Sukses word behaal deur voorbereiding, harde werk, en te leer uit jou foute”.

~Colin Powell~

ASSESSERING

Ons is trots om te sê dat die skool die uitdagings met betrekking tot die nuwe skoolkalender en die “onwelkome virus” goed hanteer het. Die skool kon mooi binne beplanning bly en alle assesserings is op koers.

“ ’n Doel sonder ‘n plan is net ‘n wens.”

Personeel is reeds besig om in sommige vakke punte te verwerk en te finaliseer, met die oog op die akademiese verslae wat op 23 April 2021 uitgedeel sal word.

OLYF

Olyf word deur die skool bestuur en is afhanklik van die ouergemeenskap wat ‘n bydrae lewer vir ons behoeftige ouers en kinders in die skool.

Hierdie inisiatief van die Riebies bereik soveel huisgesinne op verskillende vlakke. Gedurende die tyd waar die pandemie soveel huisgesinne raak, word die waarde net meer beklemtoon.

Die skool het verlede week vir ons leerders en personeel die geleentheid gegee om rooi aan te trek. Dit was verseker ook ‘n bewusmaking van die behoeftes in ons gemeenskap. Die skool het die hartjie-dag ook gekoppel aan skenkings uit die ouergemeenskap, in die vorm van nie-bederfbare produkte.

Die volumes wat ontvang is, het weereens beklemtoon dat die Riebies 'n omgee-gemeenskap is. Baie dankie aan al ons ouers en leerders wat mildelik gegee het, die skool is voorwaar geseën !!!!

Ouers wat steeds skenkings wil maak, kan gerus vir Mev. Ansa Mulder skakel.

"Life's persistent and most urgent question is, "what are you doing for others?"

~Martin Luther King Jr.~

COVID-19 GEVALLE

Indien die skool bewus word van bevestigde positiewe gevalle, word die volgende protokol gevolg:

- Die Onderwysdepartement en Gesondheidsdepartement word in kennis gestel;
- Leerders en/of personeel wat positief getoets is, isoleer;
- Persone wat moontlik in kontak is of was, word in kennis gestel; en
- Klaskamers word elke middag gesaniteer.

Om almal se gesondheid in ag te neem, is dit baie belangrik dat ouers nie leerders skool toe stuur wat enige COVID-19 verwante simptome toon nie.

Ek doen 'n ernstige beroep op ons ouers om gedurende hierdie pandemie verantwoordelik op te tree.

PRETDAG – GRAAD R & GRAAD 1 (2022)

Die voornemende Graad R en Graad 1 leerders vir 2022, sien met groot opgewondenheid uit na ons oggend van pret, wat **tussen 08:00 en 10:00 op Saterdag, 17 April 2021**, plaasvind. Voornemende Gr R- en Gr 1 leerdertjies en hul ouers kan kom deel in die **ontdekkingsreis** hier by die skool**.** (Ons versoek vriendelik dat geen boeties en sussies saamgebring word nie).

Ouers wat nie uitnodigings-pamflette ontvang het nie, kan vir naomi@riebie.co.za kontak om hul naam op die bywoningslys te plaas.

V Botha | Skoolhoof

Akademie

KONTAK MET ONDERWYS-PERSONEEL

Ons doen 'n dringende beroep op ons ouers om asseblief nie die onderwysers te skakel of WhatsApp-boodskappe aan hulle te stuur gedurende klastyd nie. Dit onderbreek die akademie en veroorsaak ontwrigting vir die leerders in die klas en vir die onderwyser. Ouers wat dit nodig vind om onderwys-personeel te kontak, moet dit asseblief tussen 07:00 en 07:30 in die oggende, of 14:00 tot 15:30 in die middae doen. Ouers kan ook 'n e-pos boodskap aan die betrokke personeellid stuur.

Ons waardeer u samewerking.

Sport

BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE SPORT EN DIREKTIEWE VANAF DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS:

- Alle skool-sportwedstryde mag voortgaan. Dit sluit in, kontak sowel as nie-kontak kodes.
- Geen toeskouers word toegelaat by oefening of wedstryde nie.
- Alle aktiwiteite verwant aan fisiese opvoedings-programme mag voortgaan.
- Intra- en Interskool-programme mag voortgaan.
- Kampioenskappe, Toernooie en Interskool-byeenkomste, wat vereis dat leerders reis, mag voortgaan.

NETBAL - DORPSPROEWE

Dorpsproewe sal as volg plaasvind:

1. O/12A dogters : 13 April 2021
2. O/13A dogters : 14 April 2021

Neem asseblief kennis van die volgende:

- Dogters moet asseblief in wit geklee wees;
- Dogters registreer om 14:30;
- Die 1ste rondte begin om 15:00;
- Elke dogter sal twee speelgeleenthede kry;
- **Dogters moet hul geboortesertifikate en 'n kleur paspoort-grootte foto by hul afrigter inhandig, nie later as 9 April 2021 nie**; en
- Ongelukkig mag geen ouers of toeskouers op hierdie twee dae op die perseel toegelaat word nie.

Dogters wat gekies word vir hierdie Dorpspan (Kempton-span) sal op 17 April 2021 Distriksproewe by **Laerskool Bredell** speel. Tye sal via afrigters op WhatsApp-groepe aan ouers gekommunikeer word.

NETBAL OEFENING

As gevolg van die Dorpsproewe sal daar geen oefening op 13 en 14 April 2021 plaasvind nie, maar wel op 12 en 15 April 2021, soos hieronder aangedui:

12 April 2021 & 15 April 2021

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
13:30 – 14:15				O/7 & O/8
14:15 – 15:15	O/12 A & B	O/11 A & B	O/10 A & B	Al die O/9's
15:15 – 16:15	O/13 A & B	O/13 C & O/12 C	O/10 C & O/11 C	

RUGBY OEFENING

Alle COVID-19 regulasies word gevolg. **Seuns moet hul eie waterbottels saambring. Seuns kan nie by die krane gaan water drink nie.**

Oefentye:

12 April 2021	O/9	14:15 – 15:30
13 April 2021	O/10	14:15 – 15:30
14 April 2021	O/11	14:15 – 15:30
15 April 2021	O/12 en O/13	14:15 – 16:00

*** **Oefening vir bogenoemde ouderdomsgroepe is slegs op die spesifieke datum en tyd soos hier aangedui**.

Na afloop van hierdie oefensessies sal daar spanne vir die rugby-seisoen gekies word, wat eers in die tweede kwartaal sal begin.

Seuns moet asseblief hul eie persoonlike beskermende rugbytoerusting skool toe bring, waar van toepassing, vir redes van kontak wat tydens oefensessies plaasvind.

Oefentye vir O/7 en O/8

MAANDAE	13:30 – 14:15
WOENSDAE	13:30 – 14:15

TENNIS

Oefening vir **Graad 4 – Graad 7** leerders vind as volg plaas:

Dinsdag : 06:00 – 07:00
Donderdag : 06:00 – 07:00

Onthou jou waterbottel en tennisraket. Leerders mag LOV-drag dra.

Let wel: Leerders sal nie op die baan toegelaat word sonder tekkies nie.

= You miss 100% of the shots you don't take" ~ Wayne Gretzky =

Tennis-ontwikkeling vir Graad 1 – Graad 3 leerders sal eers in die tweede kwartaal begin. Dae en tye sal nader aan die tyd in die Riebie Klanke gekommunikeer word.

SKAAK

Oefentye is as volg en sal in Juffrou Lizette de Nysschen se **klas (G12)** plaasvind:

Graad 1 – Graad 3 : Woensdae 14:00 – 15:00
Graad 4 – Graad 7 : Woensdae 15:00 – 16:00

SPUR BERGFIETSREEKS

Dit is met groot opgewondenheid dat die *Spur Schools Mountain Bike League* aangekondig het dat die 2021 seisoen in Mei 2021 sal begin. As u kind graag by die Riebies Mountain Bike wil aansluit, stuur 'n WhatsApp na 082 774 0306 om by die Riebies MTB WhatsApp-groep gevoeg te word. Hierdie groep sal ons enigste kommunikasie-medium wees.

Kultuur

REDENAARS

Die skool is trots op die Graad 4 – Graad 7 leerders wat reeds aan die Afrikaanse Interne Redenaars deelgeneem het. Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke behaal het:

Graad 6		**Graad 4**	
Tertius van der Walt	1ste plek	Lia Marx	1ste plek
Marliché Brits	2de plek	Mari-Lize Jacobs	2de plek
Nathan Wasserfall	3de plek	Janika Theron	3de plek
Graad 7		**Graad 5**	
Jacinda Ruthven	1ste plek	Rosa Brand	1ste plek
Darian Valentini	2de plek	Chené Barnard	2de plek
Ashleigh Engelbrecht	3de plek	Luella du Plessis	3de plek

Sterkte aan die volgende groepe wat volgende week aan die Afrikaanse Interne Redenaars gaan deelneem:

Graad 2 en Graad 3	:	13 April 2021
Graad 1	:	14 April 2021

Onthou: Redenaars sal in die skoolsaal plaasvind op die betrokke dae en die leerders tree in hul skooldrag op.

Deelnemers moet reeds om 14:15 in die voorportaal van die saal bymekaar kom. Die verrigtinge sal om 14:30 begin. Ons sien uit om na ons ander “gladdebekkies” te luister, deur hulle oorreed te word, en om hulle standpunt te ondersteun.

Algemeen

LEERDERS WAT NIE BETYDS AFGEHAAL WORD NIE

Indien leerders nie teen 14:15 (op Maandae tot Donderdae) en 13:15 (op Vrydae) by hul onderskeie hekke afgehaal is nie, sal leerders na die hek by Swartwildebeesstraat (oplaai en aflaai inry-hek) vergesel word, waar ouers hul dan kan oplaai. **Ons doen ‘n beroep op ouers om asseblief betyds te wees.**

DISSIPLINE

Die dissipline-stelsel is in werking, wat beteken dat negatiewe- en positiewe inskrywings, waar van toepassing, aan leerders gegee kan word.

➢ Leerders kan positiewe inskrywings ontvang vir:

- Goeie gedrag wat aanvaarbaar is in die gewone loop van sake, en normale orde en dissipline bevorder;
- Goeie assesseringspunte; en
- Goeie algemene prestasies.

Indien ‘n leerder 15 positiewe punte ontvang het, sal die leerder ‘n wit aansteek-balkie ontvang.

➢ Leerders kan negatiewe inskrywings vir onder andere die volgende ontvang:

- Gedragsprobleme;
- Onvoltooide huiswerk; en
- Konfrontasie met ander leerders.

Indien ‘n leerder 15 negatiewe punte ontvang het, sal die leerder detensie moet sit wat gedurende pouse-tye sal plaasvind. Ouers sal wel ‘n skrywe ontvang wat u in kennis gaan stel indien u kind/ers detensie moet bywoon.

CANSA SPAARVARKIES

Die Riebies is deur CANSA genader om aan die “Piggy Run” deel te neem, waar geld ingesamel word vir kanker pasiënte. Hier by die “Riebie Familie” het ons al geliefdes aan die dood afgestaan as gevolg van kanker, en daar is ook steeds lede van ons “Riebie Familie” wat teen die siekte veg.

Elke graad het ‘n spaarvarkie ontvang waarin leerders hul bydrae kan kom ingooi. Leerders kan vanaf 19 Maart 2021 tot en met 22 April 2021 ‘n bydrae lewer.

Dankie vir almal se betrokkenheid en die verskil wat jul ook op hierdie manier in die gemeenskap kan maak.

HARTJIE-DAG ♥♥♥

GROOT DANKIE aan elke ouer, leerder en personeellid wat tot hierdie inisiatief bygedra het. Dit is ‘n ongelooflike gevoel van waardering wanneer die Riebie Koskas so propvol is.

Sonder ons gemeenskap is hierdie inisiatief doodeenvoudig nie moontlik nie. Weereens baie dankie!

ARTIKEL 18 A

Donasies aan Laerskool Van Riebeeckpark kwalifiseer vir aftrekking van inkomstebelasting, *ingevolge Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet*.

'n Geldige belastingkwitansie sal deur die skool aan die skenker voorsien word, as bewys van die ontvangste van ‘n bona fide donasie.

Ouers, enige ander persone en selfs besighede, wat 'n bona fide donasie maak aan Laerskool Van Riebeeckpark, is geregtig op 'n belasting aftrekking van die donasie teenoor hulle belasbare inkomste indien:

1. *Die eis ondersteun word deur die geldige kwitansie vir die donasie wat gemaak is; en*
2. *Die donasie nie meer as 10% van die skenker se jaarlikse belasbare inkomste oorskry nie.*

GRAAD R - 2022

Sien Pretdag besonderhede op bladsy 1 van hierdie nuusbrief.

Aansoeke vir **Graad R (2022)** by Hasie Kwassie open op **Woensdag, 5 Mei 2021**. Aansoekvorms sal beskikbaar wees vanaf die dag van opening, by Me. Naomi van Niekerk in die skoolkantoor. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 9 Junie 2021, maar dit is wys om so gou moontlik na die openingsdatum aansoek te doen. Hou asseblief die nuusbriewe dop vir toekomstige inligting. Die **amptelike inskrywing** van suksesvolle aansoekers sal **enige tyd tussen Julie 2021 en einde Augustus 2021** plaasvind.

Ouers kan intussen gerus die volgende **verpligte stawende dokumente** gereed kry om saam met die aansoek in te dien:

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat.
- Afskrif van Inentingskaart/rekord.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se ID dokumente.
- Bewys van adres, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

GRAAD 1 - 2022

Die openingsdatum vir aansoeke vir **Graad 1 - 2022** is nog nie deur die Departement van Onderwys aangekondig nie. Hou asseblief die media en die skool se nuusbriewe en skrywes dop vir die openingsdatum en vir meer inligting.

Sodra die datum aangekondig word, moet ouers vanaf dié spesifieke openingsdatum, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** by www.gdeadmissions.gov.za aansoek doen. Die skool sal mettertyd meer inligting hieroor met ons ouers deel.

FOTO-DAG

Individuele- en sibbe foto's sal op **20 April 2021 en 21 April 2021** geneem word. Briewe is reeds aan leerders gegee. Die kostes is **R60-00 per pakket** en sluit die volgende grootte foto's in:

1 x 15cm x 20cm
1 x Poskaart
4 x ID
3 x Beursie

Indien u 'n bestelling wil plaas, moet u asseblief die bestelvorm voltooi en saam met die bewys van betaling, of die korrekte kontantbedrag saam met u kind na die klasonderwyser toe stuur. Plaas asseblief bogenoemde in 'n geseëlde koevert met u kind se naam, van, graad en hoeveel stelle foto's u bestel, bo-op die koevert aan.

- Individuele foto-bestellings word apart by elke kind se klasonderwyser ingehandig.
- Sibbe foto-bestellings word by die oudste kind se klasonderwyser ingehandig.

ALLE FOTO-GELDE MOET INBETAAL WEES, OF BEWYS VAN BETALING INGEHANDIG WEES, TEEN 16 APRIL 2021.

GEEN LAAT FOTO-BESTELLINGS OF BETALINGS GAAN AANVAAR WORD NIE, want die Fotograaf word vooraf in kennis gestel van die hoeveelheid foto's wat geneem moet word.

Ons vra daarom **GROOT ASSEBLIEF** ouers se samewerking in dié verband. Ons vertrou dat ons op u kan staatmaak.

VEILIGHEID OM DIE SKOOL

Baie dankie aan die ouers wat die **voorstel** van eenrigting verkeer om die skool in ag neem en toepas. Daar is baie meer positiewe terugvoering ontvang as wat die skool verwag het. Die "proeflopie" word steeds noukeurig gemonitor om die bes moontlike oplossing te vind.

Hiermee net weer die tye vir eenrigting verkeer (**anti-kloksgewys**) wat huidiglik van toepassing is: tussen 06:30 en 07:30 in die oggende, en in die middae tussen 13:00 en 15:00.

Wees asseblief geduldig met u mede-padgebruikers.

Baie dankie vir u positiewe ondersteuning.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum : 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 12 APRIL 2021 – 16 APRIL 2021

MAANDAG	CHIP ROLL	VRUG & SAP
DINSDAG	KERRIE MAALVLEIS EN RYS	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	GEROOSTERDE BROODJIES	TERT & VLA / VRUG / SAP
DONDERDAG	HOENDER PASTA	BROODJIE & SAP
VRYDAG	GEVULDE VETKOEK	SKYFIES / VRUG & SAP

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***